

RIGLYNE VIR VOORNEMENDE SKRYWERS

Dankie dat u Struik Christian Media as uitgewer oorweeg. Ons vereis van voornemende skrywers om 'n boekvoorlegging aan ons te stuur voordat ons 'n besluit neem oor die publikasie daarvan.

Om u te help met hierdie proses, het ons 'n aantal riglyne saamgestel om u te help om 'n konsepvoorlegging voor te berei, met die nodige inligting wat ons in staat sal stel om te bepaal of u konsep inpas by ons publikasie-strategie.

U boekvoorlegging moet die volgende bevat:

- Die volledige manuskrip.
- 'n Inleiding waarin u motiveer wat die doel van die publikasie is en wat u beoog om te bereik met die publikasie. (Waarom het u die boek geskryf?)
- 'n Inhoudsopgawe waarin u kortliks aandui waaroor elke hoofgedeelte handel.
- 'n Omskrywing en beskrywing van die teikenmark. Wees so volledig as moontlik.
- U beraming van die grootte van die teikenmark.
- Waar u dink die eindverbruiker die boek sal aankoop (wees asseblief so volledig as moontlik wanneer u die winkels en verkoopskanale lys).
- Wat dink u sal die ideale kleinhandelsprys vir die boek wees?
- Deel asseblief met ons u siening van die mark soos dit tans daar uitsien. Lys boeke soortgelyk aan u konsep, wat reeds in die handel beskikbaar is. Beskryf asseblief wat u boek uniek maak, en hoe u boek verskil van die wat reeds beskikbaar is.
- 'n Beskrywing van u agtergrond en enige kerk of dogmatiese verband (met ander woorde, wat glo u?).
- Dui u huidige beroep en postitel aan, asook of u al voorheen boeke geskryf het.

Hoe die publikasiebesluit geneem word

- Alle boekvoorleggings word deeglik geëvalueer en indien ons van mening is dat u voorlegging aan ons vereistes voldoen, in pas is met die huidige marktendense, en inpas by Struik Christian Media se strategie en publikasieprogram, sal ons u kontak om die proses verder te neem.
- Indien nodig ondersoek ons die marksegment en kyk ons na moontlike mededingers, onder meer die wat u aangedui het.
- 'n Besluit word geneem op grond van die evaluering van die materiaal, die grootte van die mark en die lewensvatbaarheid van die boek teen 'n billike prys.
- Die besluitnemingsproses kan tot drie maande neem. Indien u nie binne 3 maande van ons hoor nie, beteken dit dat u voorlegging nie goedgekeur is vir publikasie deur SCM nie.

Let asseblief op die volgende:

- Geen konsep sal oorweeg word alvorens 'n volledige konsepvoorlegging nie eers elektronies ingedien is nie.
- Ons besluit dikwels om nie 'n manuskrip te publiseer nie, selfs al is die werk van hoogstaande gehalte, bloot omdat ons publikasieprogram reeds vir die volgende periode vasgestel is, of wanneer die werk nie inpas by ons publikasiestrategie nie (die werk val buite die kategorieë waarop ons vir 'n bepaalde tyd fokus).
- SCM kan geen aanspreeklikheid aanvaar vir verlore materiaal nie. Ons stuur ook nie afgekeurde materiaal terug nie.
- Ons kontak nie en vergader nie met voornemende skrywers voordat die voorlegging aanvaar en 'n kontrak geteken is nie.
- **Die uitgewer se besluit is finaal en geen korrespondensie sal daarvoor gevoer word nie.**
- Vanweë die groot aantal voorleggings wat ons ontvang, kan ons ongelukkig nie antwoord op navrae of terugvoer gee oor hoe om 'n manuskrip te verbeter, die teks te redigeer of skryfstyl te verbeter nie.

U kan u konsepvoorlegging stuur aan die volgende e-pos-adres:
bookproposal@struikchristianmedia.co.za.

Baie dankie vir u voorlegging.